A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# TOERISME: OPSOMMENDE NOTAS


## GRAAD 12



# Metodes van betaling tydens internasionale reise

## Elektroniese fondsoordragte (EFT / EFO) *veral in vraestelle*

- Plaas geld outomaties van een rekening na 'n ander een oor.
- Word dadelik geprosesseer.
- Betaling word deur 'n finansiële instelling se toepassing gedoen.Dadelik geprossesseer



**Voordele:**
- Veilig, doeltreffend en vinnig.
- Goedkoper as tjeks of oorplasings by 'n tak.
- Kan wêreldwyd gebruik word.

**Nadele:**
- Indien bankdienste verskil, kan die betaling 'n dag of twee neem om in die ander rekening te reflekteer.
- Moeilik om te kanselleer of om die transaksie om te keer.
- Rekenaarmisdaad.

## Telegrafiese oorplasing (SWIFT) *soms by kort vrae (Afd A)*

- Die persoon moet toestemming vir 'n bank gee om geld van 'n rekening na 'n internasionale rekening oor te plaas.
- Die plaaslike bank sal 'n SWIFT-kode en die rekeningnommer vereis.

**Voordele:**
- Geld kan enige tyd, vanaf een land, na 'n rekening in 'n ander land oorgeplaas word.
- Het nie internet nodig nie.


**Nadele:**
- Fooie vir oorsese betalings = hoog.
- Hoe vinniger oordrag moet plaasvind, hoe duurder is die fooie.

A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM


## Bankwissel / Banktjek

*Nie meer in gebruik*

- Word in die ontvanger se land se geldeenheid uitgemaak.
- Die tjek word direk in die begunstigde se bankrekening gedeponeer.
- Moet in persoon by die bank afgehaal word.
- Veiligheidskenmerke: watermerk, sekuriteitsdraadjie, spesiale ink en papier.







**Voordele:**


- Baie veilig.

**Nadele:**

- Fooie en kostes = hoog.
- Per pos / koerier – kan lank vat.
- Kry nie kontant nie, die geld word in die rekening van die begunstigde gedeponeer.

## Internetoorbetalings

*word gereeld gevra*




- Aanlynbetalings vir enige produk of diens.
- Enige betaling kan deur 'n rekenaar of selfoon, wat toegang tot die internet het, gemaak word.
- Voorbeelde: Hotelbesprekings, bespreking vir enige diens of om toegang tot attraksies te bekom en om deposito's te betaal.

**Voordele:**

- Bespaar tyd, omdat jy in geen lang rye by die bank hoef te wag nie.
- Kan enige tyd en plek gedoen word.
- Fooie is baie laer.

**Nadele:**

- Geen direkte kontak met die plek / persoon wat die geld ontvang nie.
- Rekenaarmisdaad (hackers) is gevaarlik.

Neem kennis!!!

In die verlede het hul in vraestelle verwys na (IvD / IoT) – internet van dinge / Internet of things – dan moet jy kan beantwoord waar 'n toeris internet kan gebruikvom te help met reisbeplanning – Internetbetalings is deel van antwoord tesame met gebruik van E-posse vir besprekings, webtuistes om plekke op te soek / Facebook Pages vir info ens…



A+ STUDIEMATERIAAL. SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER   KOPIEREG VOORBEHOU.
KONTAK ONS: TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

## Buitelandse Banknote




- Kontant van die land wat jy besoek.

**Voordele:**

- Goed vir onmiddellike uitgawes.
- Kan enige plek gebruik word.
- Word oral aanvaar.

**Nadele:**

- Baie riskant – kan gesteel / verloor word.

## Kredietkaarte




- Baie veilig – pin nommer, CVV nommer.
- Indien jy jou kaart verloor, kan jy die kaart stop.
- Visa en Mastercard word deur meeste hotelle / winkels / restaurante wêreldwyd aanvaar.
- Toegang tot kontant in vreemde land.
- Bankkostes word per transaksie betaal.
- Goed vir groot / duur aankope.




**Voordele:**

- Kan duur items koop sonder om daarvoor te spaar, aangesien die krediet oor ‘n sekere tydperk afbetaalbaar is.
- Hoef nie groot bedrae geld rond te dra nie – dra by tot veiligheid.
- Word deur meeste maatskappye aanvaar.

**Nadele:**

- Sommige plekke aanvaar dit nie.
- Maklik om te veel te spandeer.
- Betaal transaksiefooie.
- Rente kan van toepassing wees.
- ‘Card skimming’: kopiëring van inligting deur misdadigers.



## Debietkaarte (vooraf gelaai met buitelandse valuta)

- Word deur alle banke uitgereik.
- Dit word vooraf met buitelandse valuta gelaai.
- Beperk tot die bedrag geld wat met die kaart gekoppel is.
- Kan enige plek in die wêreld gebruik word.



**Nadele:**

- Bankkostes kan hoog wees.
- Fooie kan van toepassing wees tydens gebruik.
- Moeilk om buitelandse valuta op te laai, indien jou internettoegang beperk is.

**Voordele:**
- Geen skuld.
- Geld op kaart gelaai: Veilig
- Veiligheidsmaatreël: PIN beskerm en beheer die toegang tot die geld.
- Kan die kaart kanselleer indien dit verloor word.




## Reisigerstjeks

- Word deur finansiële instellings uitgereik.
- Wissel vir kontant by kassier (handtekenige moet ooreenstem).
- Waarde is op die tjek gedruk.
- Veilig en gerieflik om te gebruik.
- Handtekening van eienaar dien as eienaarskap.
- Geldige paspoort word somtyds vereis.




**Voordele:**
- Betaal steeds uit as dit verloor / gesteel word.
- In alle geldeenhede beskikbaar.
- Nuttig as geen ATM beskikbaar is nie.



**Nadele:**
- Wisselkoers nie so gunstig.
- Min plekke aanvaar dit.
- Bankkostes en fooie is betaalbaar.

"You must have a level of discontent to feel the urge to grow."
— Idowu Koyenikan

**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.



B.Sc. Consumer Sciences & Tourism Management | PGCE |
B.Ed Honours in Curriculum development | Graphic Design L1

A. Jonker